

## Geseënd is die wat in die Here sterf – hulle sal rus

### Openbaring 14:6-13

20 September 2020

1. Drie engele kondig hulle boodskappe aan gerig aan al die bewoners van die aarde
2. God se waarskuwing (verse 8-11)
  - a. Eerste engel
    - i. Ewige evangelie = genade + oordeel (2 Kor 2:14-16)
    - ii. Verkondig aan al die nasies (Mat 24:14)
    - iii. Tyd vir God se oordeel – dus kort voor die einde
    - iv. God se verwagting:
      - Vrees God – Hy gaan oordeel
      - Eer God – Hy moet geëer word deur alle mense (vgl Op 11:13, Fil 2:9-11)
      - Aanbid God – Hy is die Skepper
  - b. Tweede engel
    - i. Geval, geval het die grote Babilon (vgl Gen 11, ballingskap, Dan 4:30)
    - ii. Babilon (Op 17 en 18): sedelose vrou verlei konings, handelaars en seemanne
    - iii. Nasies drink haar dwelmdrank (vgl Jes 29:9-11, Jer 51:7-8)
    - iv. En dan val sy – definitief
  - c. Derde engel
    - i. Die wat die dier aanbid sal God se wyn van toorn onverdund moet drink
    - ii. Oordeel:
      - Vuur en swael pyniging – fisies en sielkundig (Op 9:17-18)
      - In teenwoordigheid van engele en Lam – hulle sal bewustelik weet wie hulle misken het, en wie hulle mislei het
      - Tot in ewigheid (Op 20:10, 15)
      - Hulle het dag en nag geen rus – voortdurende selfverwyt
3. God se verwagting (vers 12)
  - a. Vrees God as Regter, eer God as Redder, dien God as Skepper
  - b. Gelowiges moet volhard (vs 12), volhard en glo (Op 13:10), wysheid hê (Op 13:18)
  - c. Hulle moet God se gebooië gehoorsaam
  - d. Dit is wat Jesus aangemoedig het in die sewe gemeentes (vgl Op 2:19)
4. God se belofte (vers 13)
  - a. Belofte is seker: stem uit hemel kondig dit aan, is opgeskryf in die Woord, is bevestig deur die Heilige Gees
  - b. Inhoud: Die wat in die Here sterf sal geseënd wees
  - c. Wie sterf in die Here? Die wat aan God se verwagting voldoen
  - d. Inhoud van seën: rus van arbeid
    - i. God skep vir 6 dae, en rus dan van skeppingswerk. Hy werk egter steeds aan verlossingswerk/herskeppingswerk.
    - ii. Mens ontvang skeppingsopdragte. Wanneer iemand in die Here sterf, is sy bydrae tot skeppingsopdragte afgehandel, en hy mag daarvan rus. Hy werk egter steeds deur te sing van God se verlossingswerk/herskeppingswerk.
5. Waarna smag jy as jy sterf?